'n REFLEKSIE OP MENSWEES AAN DIE BEGIN VAN DIE 21STE EEU

Julian Müller
Professor in Praktiese Teologie
Universiteit van Pretoria

Te midde van 'n verskeidenheid van moontlike perspektiewe op die hedendaagse mens, bied die ontwikkeling van en verandering van wêreldbeelde 'n interessante basis vir refleksie.

'n Wêreldbeeld voorsien 'n prentjie oor die natuur en die heelal. So 'n wêreldbeeld dikteer die manier waarop hele gemeenskappe en kultuurgroepe hulle wêreld sien en beleef.

Die Antieke Wêreldbeeld is die wêreldbeeld wat in die Bybel gevind word. Hiervolgens het elke ding op die aarde 'n hemelse ekwivalent en andersom. As daar 'n stryd op aarde is, moet daar op een of ander manier ook 'n soortgelyke stryd in die hemel wees tussen die magte van goed en kwaad. Net so word die hemelse gebeure in aardse gebeure weerspieël.

Hierdie wêreldbeeld is nie spesifiek bybels nie. Dit is die antieke wêreldbeeld wat heersend was en die prentjie voorsien het van waaruit die bybelskrywers hulle weergawe van die werklikheid geskryf het.

Die Geestelike Wêreldbeeld het in die tweede eeu na Christus ontstaan en dit het die Judeo-Christelike wêreldbeeld verander van een waarin die skepping basies goed is, na een waarin die gevallenheid van die materiële wêreld voorop staan. Die spirituele is goed en die materiële is sleg. Die wêreld is 'n gevangenis waarin dit wat goed is in die hemel op aarde vervalle geraak het. Die geestelike het vervorm geraak binne die materiële van liggaamlike. Die konsekwensie was dat seks, die liggaam en die aardse lewe in die algemeen as boos gesien is en die spirituele taak is om jou gees uit hierdie gevangenis bevry te kry.

Hierdie wêreldbeeld het steeds 'n kragtige invloed, soos gesien kan word in spiritualisme, seksuele "hang-ups", eetversteurings, negatiewe selfbeelde en verskillende vorme van verwerping van die eie liggaam. Dit kom ook na vore in die daardie weergawes van die Christelike godsdiens wat al die klem eensydig op die hemelse heerlikheid plaas.

Die Materialistiese Wêreldbeeld het prominent na vore getree in die

tyd van die Verligting. Dit is in baie opsigte die antitese van die vorige. Hiervolgens word die spirituele ontken en gesien as 'n illusie. Ons as mense is hiervolgens slegs 'n samestelling van chemiese stowwe en atome en wanneer ons sterf is dit al wat van ons oorbly.

Daar is ook 'n sogenaamde "sagte materialisme" wat nie so radikaal negtief staan teenoor die geestelike nie, maar die grondslag vorm van die verbruikersmentaliteit, selfverwesentliking en 'n afwesigheid van spirituele waardes. Dit is steeds die dominante etos van die meeste universiteite, die media en ons westerse kultuur as geheel.

Die Teologiese Wêreldbeeld ontwikkel in reaksie op die materialistiese wêreldbeeld. Dit behels enersyds 'n erkenning dat die "hoër werklikheid" nie geken kan word deur menselike sintuie nie, en andersyds is dit 'n poging om daardie werklikheid eenkant te hou vir godsdiens en teologie. Die geestelike werklikheid word immuun verklaar teenoor die eise en teeneise van die wetenskap. Die materialiste is op hulle beurt maar te gelukkig om hiermee saam te werk, aangesien hulle in elk geval nie glo aan die "hoër werklikheid" nie. So ontwikkel 'n skisofreniese teologie wat die aardse en die hemelse uitmekaar hou. 'n Teologie wat die ontdekkings en teorieë van wetenskaplikes met 'n gelatenheid aanhoor en terselfdertyd doodgewoon voortgaan om op Sondae en by jeugbyeenkomste die teendeel te verkondig. Die wetenskaplikes het byvoorbeeld allerhande teorieë oor evolusie, maar Sondae word die "waarheid" van Genesis 1 en 2 gepreek en daar is geen ernstige poging om die uiteenlopende konklusies te integreer nie.

Die mees resente ontwikkeling, kan beskryf word as die Integrale Wêreldbeeld. Hierdie wêreldbeeld word uit verskillende oorde gevoed: die nuwe fisika, nuwere ontwikkelinge in die teologie, die proses-filosowe en Oosterse en Afrika wêreldbeelde, om maar sommige te noem. Hiervolgens word hemel en aarde gesien as aspekte van dieselfde werklikheid. Die spirituele word nie ontken nie, maar gesien as integrale deel van die totale werklikheid. Binne hierdie beskouing word ontdek dat die taal van die antieke wêreldbeeld gebruik maak van "spatial imagery". Begrippe soos "bo" om na die goddelike en hemelse te verwys, en "onder" om na die ruimtes van die bose te verwys, moet metafories verstaan word

God word gesien as binne-in alles. Dit is nie dieselfde as panteïsme waar alles God is nie. Dit is eerder panenteïsme, waarvolgens alles in God is en God in alles.

Hierdie nuwe wêreldbeeld maak dit nodig om godsdienstige kategorieë te herdink en herformuleer. Dit is geen eenvoudige taak nie. Omdat al die konsepte van werklikheid en waarheid binne die Christelike godsdiens verwoord is op die basis van die Teologiese Wêreldbeeld, en die hedendaagse Christene aan die ander kant dink, besluit en doen volgens die prentjie van die Integrale Wêreldbeeld, word 'n identiteits- en geloofskrisis ervaar. Die nuwe wêreldbeeld maak nie meer voorsiening vir 'n hiërargiese, van-bo-na-onder hantering van waarheid nie. Die klem verskuif weg van 'n eenmaal klaar geformuleerde waarheid, na 'n voortdurende ontdek van waarheid. Die klem verskuif van waarheidskonsepte na die proses van soeke na die waarheid. Onsekerheid en chaos word ontdek as betekenisvolle aspekte van menswees, teenoor die beroep op sekerheid en orde as enigste weerspieëling van die goddelike in die mens.

Kennis en wetenskap word meer lokaal as universeel ervaar. Die ou metanarratiewe wat as ideologiese diskoerse op alle terreine van die lewe en ook op godsdienstige vlak gefunksioneer het, word gedekonstrueer.

Postmodernism, in rejecting grand narratives, favors 'mini-narratives,' stories that explain small practices, local events, rather than large-scale universal or global concepts. Postmodern 'mini-narratives' are always situational, provisional, contingent and temporal, making no claim to universality, truth, reason, or stability (Klages, 1997).

Die postmoderne mens voel hoedat die kettings van hom/haar afval. Die verslawing van konsepte wat van bo afgekondig word, volgens die Teologiese Wêreldbeeld, word nou verbreek. Eie ervaringe kry geldigheid en mense ontvang vrymoedigheid om daaroor te praat en aanvaar nie meer die konsep van 'n "hoër werklikheid" wat voorskriftelik vir die aardse lewe funksioneer nie. Die etiese en morele word binne die Integrale Wêreldbeeld nuut bedink en onderhandel.

Wanneer hedendaagse mense wat binne die nuwe wêreldbeeld dink, besluit en doen, nou ervaar dat hulle deur die teologie en kerk vanuit 'n agterhaalde wêreldbeeld (Teologiese Wêreldbeeld of selfs die Antieke Wêreldbeeld) bepraat en bepreek word, ontwikkel daar 'n diepgaande ervaring van vervreemding. Daar is talle voorbeelde. Soos wanneer die kerk oor duiwels, engele en magte praat asof dit gepersonifieerde magte is wat vanuit 'n ander wêreld op ons inwerk.

Hieroor maak Wink(1999:23) die volgende opmerking:

Much of this interest in angels is as shallow as the materialism it opposes. It is comforting to believe that we are all protected by guardian angels, for example. But these guardian angels seem to work best in middle-class neighborhoods where there are plenty of resources; they don't do so well in protecting children in ghettos from drive-by shootings.

Nog 'n voorbeeld is wanneer die kerk se verlossingsprediking op 'n byna letterlike wyse 'n voorstelling maak van God wat uit die hemelse ruimtes neergedaal het en 'n offer op aarde kom bring het om homself en sy woede oor die sonde te bevredig. Of as die opstanding so gepreek word dat Jesus 'n soort ruimtereisiger word na verre ruimtes.

Daar is 'n dringende behoefte om in taal, metafore en kategorieë te praat en te preek ten einde hedendaagse mense by te staan in die verstaan van die evangelie binne hierdie nuwe wêreldbeeld.

Wanneer die kerk en teologie nie daarin slaag nie, bly daar vir die soekende Christen net twee opsies oor:

" 'n Nog meer fundamentele versterking van die Teologiese Wêreldbeeld. Mense is geneig om bedreig te voel deur die tendense van die postmodernisme en dan terug te gryp na ou sekerhede. Hoe groter die onsekerheid binne die spiraal van die nuwe wêreldbeeld, hoe meer word gesoek na die sekerheid wat geleë is in die teenoorstaande werklikheid. Daarom hoe meer onheilspellend die koerant word, hoe meer meesleurend word die liturgie. Hoe meer die alledaagse werklikheid ge-ontmitologiseer word, hoe meer misties word die aanbidding. Hoe meer die onsekerheid aan die deur klop, hoe meer fundamenteel word die evangeliese sekerhede verkondig. Die kloof raak al dieper.

" Die tweede opsie is om kerk en teologie nie meer ernstig op te neem nie. As die kerk dan nie daarin kan slaag om intelligent saam te praat binne die kategorieë van die Integrale Wêreldbeeld nie, word hy nie langer as 'n waardige gespreksgenoot beskou nie. Dan het die kerk vir baie mense nog net lastigheidswaarde, want die kerk verstaan skynbaar nie waarom dit gaan nie.

Met hierdie twee groeiende reaksies op die ervaring van vervreemding by Christene, is die skrif aan die muur. Die kerk kan dit nie langer bekostig om die Bybel te preek asof die wêreldbeeld van die Bybel en die dualistiese Teologiese Wêreldbeeld die enigste aanvaarbare manier is vir Christene om hulle geloof uit te leef nie. As die prediking

impliseer dat die kerk en die teoloë hulle as die beskermers sien van vervloë wêreldbeelde, is die tafel gedek vir grootskaalse sekularisasie. Dit word dan die enigste eerbare "oplossing" vir denkende mense. Ons sien dit gebeur en kerk en teologie sal nie die hande in onskuld kan was nie.